NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 10
6 April 2023

# Die kruis van liefde

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Dit was die Tyd vir *Hosanna! Loof Hom! Prys Hom!* – dit was 'n tyd van *Kruisig Hom! Kruisig Hom!*

Dit was 'n tyd van verraad, venyn en veroordeling – dit was die Tyd vir vergifnis, versoening en vervulling van die Skrifte!

Dit was 'n tyd van helse duisternis – dit was die Tyd van oorwinnende Lig!

*Jesus, al u angs en smeking, eensaam in Getsemane –*
*dit was **liefdevol bereken** om ons ware rus te gee.*
(Gesang 393: 2)

Ons Verlosser verwoord die Liefde wat aan die kruis ook vir ons in óns tyd bewys is. Donderdagaand, aan tafel saam met sy dissipels, gebruik die Christus woorde wat oor alle grense van tyd rusplek in ons hart vind: *Dit is vir julle.* Vir die dissipels wat daardie aand uit sy hand die brood en beker ontvang, is die woorde nog vaag en onbekend. Die einste woorde het egter vir ons, wat Paasfees 2023 gedenk en vier, diepe en lewegewende betekenis.

Ons word die gelukkiges genoem – ons glo al het ons nie gesien nie. Ons glo want ons het gehoor. Ons hoor die Woord aan die tafel sáám met die Woord aan die kruis. Ons hoor dat elke kruiswoord liefdevol bereken is vir óns in óns tyd!

*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.*

Terwyl Jesus aan die kruis vasgenael word en 'n skare toeskouers saamdrom om na die skouspel te kyk, sien Jesus om Hom 'n stukkende wêreld. Hy bid sy Vaderhart oor hulle – vergifnis vir 'n verlore wêreld. *Dit is vir julle – die Vader se vergifnis!*

*Amen, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.*

Die man langs Jesus erken en bely sy persoonlike skuld. Hy gee die erkenning: *Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.* Hy ontvang die paradys, die wandel saam met God, burgerskap in God se koninkryk. *Dit is vir julle – die ewige alomteenwoordigheid van God!*

*Vrou, kyk, daar is u seun! Kyk, daar is jou moeder!*

Die eerste drie kruiswoorde gaan nie om Jesus se lyding en nood nie, maar om óns nood en verlorenheid. God sien dit, Hy hoor dit en Hy neem dit ter harte. Hy sien 'n moeder se stukkende hart en 'n lojale vriend se verslaenheid. God maak heel wat die wêreld gebreek het. *Dit is vir julle – Ek gee julle vir mekaar!*

*My God, my God, waarom het U My verlaat?*

Drie ure duisternis is nie maar net nog 'n beurtkragfase nie. Drie ure duisternis is die helse eensaamheid van Godverlatenheid. Die volledige prys vir ons sondeskuld word betaal. Die offer is volmaak. *Dit is vir julle – om nooit van God verlate te wees nie!*

*Ek is dors.*

Ons word dors gebore, ons leef dors en ons sterf dors – fisies, emosioneel en geestelik. Jesus het dors op sy lydensweg, want dit kan nie anders nie. Sy dors is egter veel dieper – 'n dors na geregtigheid en sy Vader se Wil. *Dit is vir julle – die Bron van die lewende water!* (Johannes 4: 14)

*Dit is volbring!*

Die bloed van 'n paaslam aan deurkosyne red die Israeliete van 'n gewisse dood en Egiptiese slawerny. Die bloed van die Paaslam op Golgota is ons bevryding van dood en sonde-slawerny. Jesus voltooi sy roeping en die kwitansie word uitgereik. *Dit is vir julle – Tetelestai! Alle skuld is voor God ten volle vereffen!*

*Vader, in u hande gee Ek my gees oor!*

Die goeie Herder lê gewillig sy lewe af vir die skape. Die poorte word vir ons oopgemaak. Die Woord wat mens geword het, word ons Middelaar en pleit vir ons by die Vader. Die Skrifte is vervul! *Dit is vir julle – 'n oop deur en vrye toegang tot die Vader!*

**Ds Henk Joubert, Welgelegen-Pietersburg**



Die Pottas-gesin

## Lief en leed

- Baie geluk aan **ds Annieka en Francois Pottas**, en klein Ise-Mari, van Montana met die geboorte van Lihan op 22 Maart 2023. Direk na die geboorte (en uiteindelik in die daaropvolgende tyd in neonatale intensiewe sorg) het Lihan ernstige asemhalingskomplikasies beleef. Hulle is dankbaar dat hy sodanig kon herstel dat hy uiteindelik huis toe kon kom en by die gesin kon aansluit. Ds Annieka sê: *Die vreugde en dankbaarheid vier hoogty! Ons is so dankbaar vir God se sorg en ingrype en vir elkeen se ondersteuning.*

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 April, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (74) (emeritus)
  - Vrydag 7 April: Ds FJ (Frans) Redelinghuys (66) (emeritus)
  - Saterdag 8 April: Di M (Marius) Bacon (61) (emeritus/Rust der Winter) en J (Joha-Lize) Uys (32) (Kathu/Kuruman/Postmasburg)
  - Maandag 10 April: Ds SW (Schalk) Zastron (30) (Ermelo)
  - Woensdag 12 April: Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (61) (emeritus)
  - Donderdag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (80) (emeritus), ds CB (Nardus) Enslin (59) (Rustenburg-Kloof) en GPJ (Gerrie) Grobler (79) (emeritus)
  - Vrydag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (37) (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (56) (Standerton), R (Rue) Hopley (36) (Pretoria-Oos), JP (James) Jooste (71) (emeritus) en L (Lynette) Lötter (27) (Goudveld/Kroonstad/Odendaalsrus)



Prop Wilma Lötter-Matthee

## Gemeentes en bediening

- **Prop W (Wilma) Lötter-Matthee** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Richardsbaai (deeltyds).

- **Oudl Gerrit de Vries** van Gemeente Noordelike Pretoria berig so oor die **eerste gesamentlike erediens van Wonderboompoort en Noordelike Pretoria** in die ring van Magalies op Sondag 2 April 2023: "Dit was 'n wonderlike geleentheid toe die gereelde lidmate van Wonderboompoort en Noordelike Pretoria die kerkbanke van Wonderboompoort begin volpak het. Daar was heerlike samesang voor die erediens, waarna ds Mari-Louise Calder ook melding gemaak het van die besonderse geleentheid. 'n Oomblik van stilte is daarna aangekondig om ons gedagtes op God te rig. Na die seënbede is hartlik gesing van Gesang 547: 1-3, *Alle volke, klap jul hande...* Die Skriflesing was Johannes 12: 12-16, met die tema *die perfekte storm* en drie fasette: verwagting van die Jode, 'n aardse koning om hulle van die Romeinse oorheersing te verlos; die Romeinse oorheersing oor die Jode; en God se wil vir die mensdom, anders as wat die mens verwag. Na die erediens het die lidmate met mekaar gesels, maar weens die skoolvakansie sal daar eers oor twee Sondae weer tee en versnaperings bedien word om mekaar beter te leer ken. Ons twee gemeentes is so dankbaar teenoor die Here vir sy liefde en genade dat ons so saam kan hande vat om Hom te dank, te dien en te eer. Daar was ook groot vreugde by Jannie Nel, ons serebraal gestremde lidmaat, om ook saam die diens te kon bywoon. God maak dit altyd moontlik vir dié wat in Hom glo en op Hom vertrou."



- **Oudl Gerrit de Vries** vertel ook van die **hoeksteenverwydering**: "Die ou hoeksteen van die gesloopte Voortrekkerweg-kerkgebou van Gemeente Noordelike Pretoria was teen die muur van die huidige kerktoring in 'n dik hoekysterraamwerk gemonteer met penne wat van bo en onder in die hoeksteen ingeboor was. Die enigste manier om die steen uit die raamwerk te kon kry, was om snitte in die hoekyster te sny met 'n hoekslyper en om dan die steen te wikkel om uit die raam te gly. Uiteindelik is die snywerk afgehandel en ons drie

manne maak berekeninge van hoe swaar die steen moet wees (60-80 kg?). Met die steen rustend op die onderste randjie, en ietwat na vore gekantel aan die bo-end, besluit ons drie dat ons nie opgewasse is om die steen uit die raam te lig nie. Wie wil nou rug seermaak? Eugene besluit om die maatskappy oorkant die kerk te vra of hulle nie hul vurkhyser vir ons wil leen nie, net om te help om die steen uit te lig. Dewald plaas 'n stuk hout onder die steen om te stut, en ek het ondertussen 'n steier 'geleen' van die kontrakteur wat verf. Met die steierraam teen die muur, hoor ons skielik 'n geraas, en met die omkyk, lê die steen, gesig na bo, op die plaveisel onder die toring, nie gekraak of gebars nie. Vir die posisie waarin die steen in die raam was (ons het dit al bietjie losgewikkel), moes die steen op sy 'gesig' geval het, maar dit het netjies teen die houtstut en steier afgegly en op sy rug gelê. Vir my net een verklaring: Daar was 'n Hoër Hand wat die steen uitgelig het, en ek getuig dit met diep ontsag en respek teenoor ons Hemelse Vader. Vandaar is ons met die gedenksteen op Eugene se sleepwa na die SP Engelbrecht-museum waar ds Carel Johann de Bruin ons ingewag het. Die letters op die steen is ongelukkig onleesbaar, maar met kundigheid kan dit weer sigbaar gemaak word en die steen gepoleer word. Die steen is gedateer 8 Mei 1947." **Op die foto** is van links na regs Eugene Marais, Gerrit de Vries, Dewald Jordaan (skriba, Noordelike Pretoria) en ds Carel Johann de Bruin (SP Engelbrecht-museum). Die foto is geneem deur Janeke de Bruin.



- **Oudl Gerrit de Vries** vertel verder: "07:45 Dinsdagoggend 21 Maart 2023 arriveer ek by die kerk, en Pikkie Truter, ons koster, wag reeds vir my. Die hele span van pastoor Kabelo Mathibedi van die Sewendedag Adventistekerk (SDA) Soshanguve staan gereed met hul gereedskap om die kansel se twee helftes van mekaar los te maak. Die manne is baie opgewonde oor **die kansel** wat in hul nuwe kerkgebou gebruik gaan word. Pastoor Mathibedi is kort van postuur, maar hulle sal vir hom 'n platform maak om op te staan as hy preek. Ons is dankbaar dat die Woord van God steeds van hierdie kansel af gepreek sal word. 'n Klein elektroniese orrel, wat nie deur ons gemeente gebruik is nie, vind ook 'n tuiste in hul kerk. **Op die foto** is die kansel op sy plek in sy nuwe tuiste van die SDA in Soshanguve.

  Gemengde gevoelens maal deur van ons lidmate se gedagtes. Ons kerkgebou was ons geestelike tuiste vir 49 jaar. Die vorige tuiste van veral ons ouers en ouer lidmate was die vorige 40 jaar (1934-1974) die kerkgebou wat in Voortrekkerstraat, Gezina was, en destyds aan die Martin Jonker Motorgroep verkoop is. Uit die opbrengs is twee nuwe kerkgeboue gebou, die kerkgebou by 12de Laan 512, Gezina (Noordelike Pretoria) en die kerkgebou van Wonderboom-Suid, in 10de Laan 920, Wonderboom-Suid. Ons loof en dank ons Hemelse Vader dat Hy nog steeds voorsien in ons gemeente se geestelike behoeftes met die samewerkingsooreenkoms met Gemeente Wonderboompoort."

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE LICHTENBURG**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

**Gemeente:** Die gemeente is 131 jaar oud en het tans 594 belydende lidmate en 189 dooplidmate. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, 'n gemeentesentrum, 'n aftreeoord en 'n ruim, gerieflike pastorie.

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.


**Aansoeke sluit op 30 April 2023.** Aansoeke kan gestuur word na **henkdutoit50@gmail.com**. Enige navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag self ander kandidate nader.

- **Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig finansiële ondersteuning vir die Kerkmuseum se restourasie. 'n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951 indien u kan help.

## Vergaderings

- Donderdag 13 April: Rata Finkom<br>Redaksie van *Die Hervormer*<br>Bestuurskomitee vir Kerklike Kommunikasie
- Vrydag 14 April: Moderamen

## Kerklike publikasies




- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za.**

## Toerusting

- Lees ***hier*** **prof Natie van Wyk** se ontleding van bejaardes en demensie vanuit die Christelike etiek. Hy sluit sy artikel so af: *Die belangrikste saak in die lewe handel dus nie oor wat ons van ons lewe kan onthou nie, ook nie wat ander van my kan onthou nie, maar hoe God, wat alles van my weet, my onthou.*

- **Stasies van die Kruis by NHKA Centurion-Oos,** Napierweg 103, Lyttelton. Die Stasies van die Kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef **op jou eie tyd**. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Daar is 'n handleiding by die begin van die stasies. Donasies welkom, of niebederfbare voedsel.

  - Maandag 3 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
  - Dinsdag 4 April: 09:00-12:00
  - Woensdag 5 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
  - Donderdag 6 April: 09:00-12:00; 16:00-18:30
  - Vrydag 7 April: 10:30-13:00
  - Saterdag 8 April: 10:00-13:00

- **Mentorskap-opleiding. NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Die datums moes vanweë aanbiederbeskikbaarheid aangepas word. Dit sal nie meer op 24 en 25 April 2023 plaasvind nie. **Die opleiding sal nou op 22 en 23 Mei 2023 van 09:00 tot 16:00 aanlyn plaasvind.** Die toerustingsgeleentheid is gratis. VBO-punte sal ook toegken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning

en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by **gysvs@iafrica.com** vir meer inligting oor kursusfooie en beskikbaarheid. Besprekings by 014 572 1000 of **buffelspoort@atkv.org.za** (Buffelspoort) en 023 349 8181 of **konfgo@atkv.org.za** (Goudini).
  **Buffelspoort – naweek van spirituele vorming**
  - 5-7 Mei 2023
  - 21-23 Julie 2023
  - 13-15 Oktober 2023

## ’n Gedig vir Goeie Vrydag

**Romeinse offisier by die Kruis**

Hy hang voor my;
het net gevra “Vergeef hul, God”
toe ek hom vas laat kap, laat spot.

Hy hang voor my,
met “Koning van die Jode”-klag
gedoringkroon; ’n lam, geslag.

Hy hang voor my,
roep skor ’n “Eloï” se naam;
en donker wolke pak nou saam,
’n duisternis pak dikker saam.

Hy hang voor my
en prewel hy’s van God verlaat
(net ek is hier om mee te praat).

Hy hang voor my,
verpletter, arms oopgevlerk;
’n blote karkas – rou soldatewerk.

Hy hang voor my
en fluister iets aan my oor dors;
die sponswyn druppel oor sy bors
en spat oor mý gesig en bors.

Hy hang voor my
en kyk my innig aan deur bloed;
die dank spring op in my gemoed.

Hy hang voor my
en adem uit: “Dit is volbring.”
Ek voel ’n skudding als deurdring.

Ek staan voor hom,
en hoor Jerusalem se kreet,
en dan iets diep in my wat weet:
Ek staan voor Hóm!
Die seun van God,
ek staan voor Hóm!

**Bernard Odendaal**
(Uit: *Die mooiste Afrikaanse Christelike gedigte,*
saamgestel deur Cas Vos, 2017)

## ’n Gedig vir Opstandingsondag

***Christos anesti***

die klip
was toe klaar weggestoot, die graf ’n rou
wond in die berg: ’n oop donker mond
asof die aarde self skree teen die dood:
’n stom donker gil wat uit haar ingewande
skeur, maar binne was dit stil

en koel en leeg; net die lap het eenkant
wit in die grot se donker kies gelê.

**Erna Jo Kritzinger**
(Uit: *Delirium*, 2015)

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met drie etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Benoryn Familiekerk bied aan:**
  **Frank Opperman: *Ek wens ek wens...***
  Teks en regie: Phillip Rademeyer
  Na die roman deur Zirk van den Berg
  **Saterdag 22 April 2023 om 19:00**
  Venue: Hoërskool Brandwag
  **R150**
  Navrae: Corne 083 391 1368

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir Paasfees

Die sluier van duisternis
is herskep tot die helderste lig.

Die verskriklikste einde
word die wonderskoonste begin.

Die dieptes van wanhoop verdof
om ewigdurende hoop te openbaar.

Die vloek van die dood is oorwin
deur die ewige lewe.

Ons dank U, Heer, vir die wonder van Paasfees.

www.lords-prayer-words.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mev Francis Nel |